
# DIE TABERNAKEL #1: Die Voorhof






***Hier is Traktaat #1 dus. Dit brei die Inleiding uit, veral wat die Tabernakel se Voorhof betref. Ek verseker julle alles wat in hierdie traktate verskyn, is op die Bybel gegrond en al die feite kan maklik in Eksodus en die Nuwe Testament nagegaan word.***

## Kom ons begin dan heel voor



*Voor iemand gered kan word, moet hy/sy leer* ***ons kan onsself nie red nie****. Adam moes hierdie les heel in die begin leer. God het hom gewys al manier is God se manier, deurdat Hy 'n dier doodgemaak en die bloederige slagoffer se vel gebruik het om klere vir Adam en sy vrou, Eva, te maak. (Genesis 3:21).*

*God het nog altyd 'n bloedoffer geëis vir die vergifnis van sonde.*

## Hierdie einste beginsel geld met die gee van die Tabernakel aan Israel in die woestyn.



Die verslag oor die bou van die Tabernakel verskyn in Eksodus 35-40. Dit word egter voorafgegaan deur die gee van die Wet van God; ook deur die herhaling van die verhaal van die gee van die Wet. Hierop volg die jammerlike geskiedenis van Israel se val met die aanbidding van die goue kalf. Nog voordat Moses die Twee Tafels van die berg af gebring het, het Israel God se Wet oortree en was hulle reeds onderworpe aan God se oordeel.



Toe Moses besef Israel kan nie gered word deur aan die Wet gehoorsaam te bly nie, maar slegs deur die bloedoffer, het hy 'n altaar gebou "en vir die Here bulle geslag" (Eksodus 24:5-7).

Tot sover die inleiding. As Moses net die Tien Gebooie van die berg af gebring het, sou ons almal net daar in algehele vernietiging opgeëindig het.

Maar hier is die Goeie Nuus: naas die Wet het Moses nog iets gebring: **die aanwysings vir die bou van die Tabernakel,** naamlik God se antwoord op die verbreekte Wet, God se antwoord op die oordeel van verdienstelike sondaars, God se wonderbaarlike Verlossingsplan!

**En dis juis waaroor dit in hierdie traktate gaan.**

*Deur Moses het God die Israeliete twee goed van die berg af saamgegee: Die Wet en die Tabernakel.*

1. *Die Wet om op die afskuwelikheid van sonde te dui.*
2. *Die Tabernakel om God se ontsnappingsroete vir verlore sondaars aan te dui.*

*Eerstens die Wet, om ons te wys hoe ver ons te kort skiet en hoe afvallig ons is.* ***En dan eers is ons gereed om die Verlossingsboodskap van die Tabernakel te ontvang.***

- *Paulus verduidelik dit in sy brief aan Titus.*






***"Hy het ons verlos, nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming - by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees." (Titus 3:5)***

***"Dit waartoe die Wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van 'n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel." (Romeine 8:3)***

Die Tabernakel is omhein deur 'n heining van wit linne, met die doel om mense buite te hou. Die suiwer wit linne spreek van **God se volmaakte geregtigheid**. Dié heining keer dat die sondaar na God kan gaan voordat die kwessie van sonde afgehandel is. **Die heining het die Israeliete se kamp afgesonder van God se teenwoordigheid.** Dit verteenwoordig die Wet. Dit sê dus:




Maar uit sy liefde en genade het God gesorg vir 'n uitweg vir die sondaar, 'n deur waardeur hy of sy van buite af kon inkom en in gemeenskap met God kon verkeer. **Dié deur is die Evangelie.**



## Die Deur

Aan die oostekant van die linneomheining was 'n breë hek wat toegang verleen het tot die Tabernakel, waar God was.

Die gordyn vir die ingang is deur 'n bedrewe borduurder van pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn linne gemaak. Dit was twintig el lank en, soos die voorhof se gordyn, vyf el hoog. (Eksodus 38:18)

✦In moderne afmetings was die gordyn net minder as tien meter lank en sowat twee en 'n half meter hoog.

Ek het nou heelwat detail verstrek voor ons die voorhof (die onderwerp van dié traktaat) betree. Die oogmerk is om die agtergrond waarteen die Tabernakel aan Israel gegee is, te beskryf, aangesien die Tabernakel God se onthulling van sy genadige verlossingsplan is.

**God moet die sondaar eers van sy of haar algehele sondigheid oortuig; eers daarna is die sondaar gereed om die boodskap van genade te ontvang en by die Evangelie-poort in te gaan.**





## OORTUIGING, BEKERING, SEëNING




Nou gaan ons die voorhof deur die poort binne. Dit was die enigste opening in die linneomheining, en al manier om in die Tabernakel te kom.

Dié deur wys vooruit na Jesus Christus, wat baie jare later sal sê: "Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word" (Johannes 10:9).

Dan sê Hy in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."




Die hek na die Tabernakel se voorhof was maklik om te vind en het oopgestaan vir elke boetvaardige Israeliet wat wou ingaan om vergifnis vir sy of haar sonde te ontvang.

**Vandag is Christus die Deur na die ewige lewe**, Hy wat almal verwelkom wat die hemel deur Hom wil binnegaan. En wanneer die sondaar by daardie deur ingaan, sien hy heel eerste die Brandofferaltaar, simbool van die kruis waaraan die Here Jesus vir ons sonde geboet het.




***Soos met elke ander aspek van die Tabernakel, is dit betekenisvol dat die ingang aan die oostekant is.***

God het opdrag gegee dat die Tabernakel altyd met sy ingang aan die **oostekant** opgeslaan moet word, sodat die opening na die westekant lei. Weswaarts beteken jy gaan na God toe; ooswaarts jy beweeg weg van Hom af. Die Tuin van Eden se poort was ook aan die oostekant (Genesis 3:24).

Toegang tot die Tabernakel is geweier vir almal wat verseg het om by die enigste deur in te gaan. Die linneomheining het enigeen met selfs net 'n enkele sonde op sy gewete gekeer om in te gaan. Solank mens 'n enkele smet van onvolmaaktheid op jou gehad het, kon jy nie naby die Tabernakel kom nie; God se heilige geregtigheid en sy heilige Wet het jou verbied.

Jy kon toegang verkry slegs deur in geloof by die deur in te gaan en die bloed van die plaasvervanger op die altaar te aanvaar. Dan is die sondaar voorwaar 'in Christus'.

Al die elemente van die voorhof, waar die Jode toegelaat is, is simbolies van geelkoper of brons gemaak; in die hoogheilige dele is alles van suiwer goud gemaak.

Vervolgens besoek die sondaar die bronswaskom. Die waskom simboliseer die afskud van sonde deur te was, dit wil sê reiniging deur die water van die Woord.

Die sewe voorwerpe in die Tabernakel dui op God se volmaakte voorsiening vir gelowiges wat *in Christus* is. (Sewe is die syfer van volmaaktheid.)




Ek vertrou jy begryp die beeld wat God vir jou voorhou deur dié simbole en rituele: Die **Wet** om die afskuwelikheid van sonde en die mens se wanhopige mislukking te toon; die **Tabernakel** as God se uitweg vir diegene wat sy heilige Wet oortree het.

God het eerste die Wet gegee, want dit spreek van sy geregtigheid, heiligheid, verwerping van sonde en die dood as straf, **"want juis deur die Wet ken ons die sonde"** (Romeine 3:20). Maar God het vooruit geweet Israel sou misluk. Hy het hulle behoefte aan die bloed voorsien. Hy het geweet hulle kan die heilige Wet nie onderhou nie, en derhalwe gee Hy hulle toe die Tabernakel.

**Die Tabernakel spreek van genade, vergifnis, kwytskelding en saligwording vir elkeen wat erken hy kan homself nie red deur sy eie toedoen en slegs deur die Wet te gehoorsaam nie.**

## Een Evangelie, Een Deur, Vier Skrywers



Jy onthou ons het vroeër gepraat van die Evangelie-poort met sy borduurwerk van purperrooi, karmosynrooi en blou op wit linne? God het ons in sy wysheid dié enkele Evangelie gegee, geskryf deur vier menslike skrywers:

**Matteus**, 'n Jood, het spesifiek aan Israel geskryf oor die Koning van Israel. *Purper*, die koninklike kleur, stel sy boodskap voor. **Markus** was 'n Romein en skryf vir die Romeine oor die swoegende dienaar, vandaar die *skarlaken*, die kleur van die Romeinse Ryk. **Lukas** was 'n Griek en skryf juis vir die rasionele Griek, in pragtige, foutlose Grieks; *suiwer wit* verteenwoordig hom. **Johannes**, wat namens die Christelike kerk skryf, vertel van ons Heer Jesus, die Seun van God, se Hemelse aard. *Blou* stel die Evangelie voor.

### Nou, liewe vriend, vra ek jou:

**Het jy by die enigste deur ingekom? Die Evangelie!**

Ons herinner jou weer daaraan dat daar baie vals deure is, deure wat goed en gaaf mag lyk, verleidelik vir die vlees, maar hulle is die pad na die verderf toe.

In hierdie laaste dae van bedrog, met soveel bekoorlike stemme, hoef ons net te hou by die So-spreek-die-Here, en Jesus se woorde in Matteus 24:4 onthou: **"Pasop dat niemand julle mislei nie."**

*Kom na Jesus, kom vandag nog; Hy sal jou sondes wegneem!*

*Kom, kom tog gou, waarvoor wag jy?*

**Ons wys graag weer daarop dat daar net een Deur is - die Deur wat Jesus Christus is, die Koning, die Dienaar, die Mens, die God van die heelal.**

**Daar is geen ander weg na God toe as deur die persoonlike geloof in Jesus Christus, die Seun van God, nie. Jesus sê self: "Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie nie by die hek van die kraal ingaan nie, maar van 'n ander kant af inklim - daardie man is 'n dief en 'n rower." (Johannes 10:1)**



Ter afeindiging van hierdie eerste van die drie traktate oor die Tabernakel, haal ek Hebreërs 9:19-22 aan: "Immers, nadat elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk bekend gemaak is, het hy die bloed van die bulkalwers en die bokramme saam met water geneem, en met helderrooi wol en marjolein het hy die boekrol self, en ook die hele volk, besprinkel, terwyl hy sê: 'Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle bepaal het.' En op dieselfde wyse het hy die Tabernakel en al die godsdienstige voorwerpe met die bloed besprinkel. **Feitlik alles is volgens die wet met bloed gereinig; ja, sonder bloedvergieting vind geen vergifnis plaas nie**."



Liewe vriend, het jy nou ons eerste les geleer? Het jy by die **Evangelie-poort** ingekom? Het jy gekom as daardie arme, verlore sondaar, wat aanspraak maak op niks anders as God se genade en die bloed van die Here Jesus nie? Of vertrou jy steeds op jou eie goeie werke?

**"Wie sy oortredings bedek, sal nie sukses behaal nie; maar hy wat dit bely en dit laat vaar, ervaar ontferming."** (Spreuke 28:13)

Kontak:

TRAKTAAT © GEORGE ROSS

www.bibletrakts.com